



Vergeet om te vergeet!

Historiese perspektiewe

In die nuutste uitgawe van die HTS het dr WA Dreyer 'n artikel aangebied getiteld: *Wanneer een twee word: 'n Perspektief op resente gebeure in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Dit word as akademiese artikel aangebied wat daarna streef om so "objektief" moontlik die gebeure in die NHKA van 2010 tot 2013 beskryf.

Die Skietlood gaan in die volgende paar uitgawes aandag skenk aan die geskiedenis wat aangebied word.

Dit word gedoen, gesien in die lig van die implisiete uitnodiging wat Dreyer reeds in die inleiding rig. Hy skryf: "*Paul Ricoeur (2004) het daarop gewys dat daar 'n spanningsvolle en komplekse verhouding bestaan tussen dit wat ons individueel en kollektief onthou; dat hierdie herinneringe vir geskiedskrywing uiters belangrik is maar dat dit tegelykertyd net voorlopig kan wees. Elke verhaal wat ons vertel, kan altyd weer op 'n ander manier vertel en gekorrigeer word. Daarom is enige beskrywing van onlangse gebeure per definisie voorlopige indrukke wat in die toekoms gekorrigeer móét word. Dit geld ook ten opsigte van hierdie bydrae*". (Eie

beklemtoning) Die Skietlood wil in die **hede reeds** korrigeer, anders onthou, anders vergeet en aanvul.

Dit is insiggewend dat Dreyer inleidend hom beroep op 'n boek van Ricoeur (*Memory, History, Forgetting*). Dreyer se verwysing na kollektiewe en individuele geheue is in die besondere boek iets waarna verwys word in die opbou na 'n groter argument. Die individu en die gemeenskap kan inderdaad uiteenlopend onthou en geskiedenis skryf. Daar is baie filosowe wat ter ondersteuning van hierdie perspektief voorgehou kan word.

Die kern van Ricoeur se argument lê egter elders. Die besondere boek se fokus is die wisselwerking tussen vergeet en onthou en die positiewe bydrae wat vergeet kan lewer ten opsigte van 'n saak soos versoening.

Beide 'onthou' en 'vergeet' kan positief of negatief bydra tot geskiedskrywing. Geskiedskrywing is inteendeel nie bloot die herinneringe van mense wat neergepen word nie. Die neerpen van geskiedenis gaan oor die 'onthou' en 'vergeet' van insidente en feite. Nie alles word per abuis vergeet nie. Mense kan as gevolg van besondere

perspektiewe of ideale sekere gegewens per ongeluk of met opset “vergeet”. Dit is in die wisselwerking tussen vergeet en onthou wat die seleksie van “historiese gegewens” plaasvind. Somtyds kom die korrekatief dan van elders in die vorm van nog iets onthou, of dalk kies om iets wat genoem is, te “vergeet”. Die Skietlood wil wys op die vorm van onthou waarvoor Dreyer kies.

Die volgende saak wat ons aandag moet geniet, is die rede vir geskiedskrywing. Die weergee van “rou data en feite” is boekstaving. Geskiedskrywing fokus op die daarstel van kousale bande tussen die inligting. In die opsig is Dreyer se volgende sinne relevant: *“In geskiedskrywing gaan dit om meer as ‘die waarheid’, veral as ‘die waarheid’ verstaan word as ’n absolute korrelasie tussen gebeure en die beskrywing daarvan, of as ’n objektiewe en foutlose beskrywing van die verlede. Geskiedskrywing gaan in die eerste plek om singewing (Dreyer 1974:215–239). Wanneer ons singewend met die verlede besig is, vra ons nie nét wat gebeur nie, maar ons vra óók: waarom gebeur dit?*

Alhoewel daar saamgestem kan word dat dit gaan om sin-gewing, is dit net deel van die waarheid. Die volle vraag is nader aan iets soos, “Waarom **dink**

ons gebeur dit?” Sin-gewing is ‘n behoefte wat ideologies (in die wydste sin denkbaar) gedrewe is. Met ander woorde daar word na sin gesoek (en aangebied) vanuit ‘n besondere stel vooronderstellings en vooroordele. Die rasionalisering van ‘n stel gegewens gaan vir die liberalis anders aangebied word as vir die konserwatis. Dit skakel in by wat reeds genoem is. Die onthou en vergeet van inligting geskied in lyn met vooroordele en ideale. Dreyer se volgende woorde moet daarom gekwalifiseer word: *“Hierdie bydrae moet gesien word as ’n poging om sin te maak van gebeure wat ’n traumatiese effek op die Hervormde Kerk gehad het”*. Teen die agtergrond van wat reeds genoem is, is die artikel duidelik ‘n poging om sin te maak vanuit ‘n Kommissie perspektief. Die woord “Kommissie” kan vervang word met woorde soos “liberale”, “dosente”, “selfregverdiging” of selfs iets soos “mag”. ‘n Volgende geslag sal beter in staat wees om die korrekte woord te kies om sy besondere perspektief te beskryf. Net so sal ‘n volgende geslag die perspektief, herinnering en sake vergeet van Die Skietlood beter kan omskryf. Midde in die stryd is objektiewe reaksie ‘n besondere uitdaging.

Dreyer stel twee partye aan die woord. Daar is die NHKA, (wat insluit die Kommissie en die dosente) en hulle staan teenoor die Geloofsbond. Die eerste party word voorgestel as getraumatiseerd, hulle sien volgens hom die kompleksiteit van die saak raak en kan vanuit verskillende perspektiewe die saak beredeneer. Die Bondslidmate aan die ander kant is volgens hom een-dimensionele kaartmannetjies wat op ongevoelige wyse op kerklike terrein 'n politieke agenda deurdruk. Sy eerste bekenstelling getuig van hierdie karikaturisering: *“Vanuit die geleedere van die Geloofsbond is die antwoord op die waarom vraag ongekompliseerd en daarom vir baie lidmate aantreklik: Die Hervormde Kerk duld liturgiese vernuwing; die Hervormde Kerk duld leervryheid by predikante en dosente; die gesag van die Skrif en Belydenisskrifte word bevraagteken; die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) pas nie leertug toe nie en die AKV se besluite oor apartheid veroordeel ons voorgeslagte tot ketters en trek daarmee 'n streep deur die gedagte van 'n volkskerk. In kort: Die Hervormde Kerk het die pad byster geraak en daarom is 'n skeiding van weë onafwendbaar”*.

Dit is teen hierdie agtergrond wat Dreyer se artikel se poging tot geskiedskrywing verstaan moet word. Hy gaan vanuit 'n besondere perspektief onthou en kies om te vergeet. Die helde asook die boewe is reeds aan die begin van die verhaal bekendgestel. Elke onthou en vergeet sal hierdie vooronderstellings dien. In die volgende uitgawes sal die storie self aan die beurt kom en sal Dreyer herinner word aan dit wat by vergeet net een perspektief dien.

i Ricoeur first takes a phenomenological approach to memory and mnemonical devices. The underlying question here is how a memory of present can be of something absent, the past. The second section addresses recent work by historians by reopening the question of the nature and truth of historical knowledge. Ricoeur explores whether historians, who can write a history of memory, can truly break with all dependence on memory, including memories that resist representation. The third and final section is a profound meditation on the necessity of forgetting as a condition for the possibility of remembering, and whether there can be something like happy forgetting in parallel to happy memory.

<http://press.uchicago.edu/ucp/books/book/chicago/M/bo3613761.html>